WESKUS DISTRIKSMUNISIPALITEIT

TENDER KENNISGEWING

WDM 13/2020

BOU VAN NUWE KANTORE VIR MUNISIPALE GESONDHEID OP ERF 7576 TE MALMESBURY BRANDWEER STASIE

Tenders word hiermee aangevra van tenderers met ‘n CIDB gradering van 2GB of hoër vir die bou van nuwe kantore vir munisipale gesondheid te Malmesbury brandweer stasie.

Tenders mag slegs op die voorgeskrewe tender dokumente ingedien word en is verkrygbaar vanaf **Dinsdag, 20 Oktober 2020** by die Voorsieningskanaalbestuurskantoor van die Weskus Distriksmunisipaliteit, Langstraat 58, Moorreesburg,tel: 022 4338400 teen ’n nie-terug betaalbare deposito van R 300-00 per dokument. Bankbesonderhede kan verkry word via e-pos: scm@wcdm.co.za

’n Verpligte terreinvergadering sal op **Donderdag, 22 Oktober 2020** om 11h00 te Malmesbury Brandweer stasie gehou word.

Voltooide tenders in ‘n verseëlde koevert met endossement: **“TENDER WDM 13/2020: BOU VAN NUWE KANTORE VIR MUNISIPALE GESONDHEID”,** moet voor **12:00 op Dinsdag, 17 November 2020** in die tender bus van die Weskus Distriksmunisipaliteit, Langstraat 58, Moorreesburg, geplaas word waarna dit oopgemaak sal word.

Die 80/20 punte formule soos uiteengesit in die Verkrygingsregulasies van 2017 sal gebruik word om die tender te oorweeg.

Punte sal toegeken word aan tenderaars vir die verkryging van hul BBBEE status.

Tegniese navrae kan gerig word na Mnr N de Jongh by tel. no 022 433 28400.

Tenderaars moet ‘n skrywe met pin kode, uitgereik deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens, saam met die tenderdokument indien. Tenderaars moet ook verseker dat hulle op die Sentrale Verskaffersdatabasis (CSD) as ’n verskaffer geregistreer is. CIDB gradering moet aangedui word op tender dokument.

Elektroniese tenders of faksimileë is nie toelaatbaar nie en tenders wat laat ontvang word of onvolledig is, sal nie in aanmerking geneem word nie. Die Raad is nie verplig om die laagste of enige tender te aanvaar nie.

Tenders sal geld vir ‘n periode van 90 dae vanaf die tender sluitingsdatum.

DC Joubert
Munisipale Bestuurder
Weskus Distrikmunisipaliteit
Posbus 242
MOORREESBURG
7310